higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T1680(**A**)(A10)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

TOESIGHOUDING IN DIE NYWERHEID N3

(4110053)

10 April 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOESIGHOUDING IN DIE NYWERHEID N3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne oor die voordele van behoorlike verligting, deur die woord of woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

veiligheid; arbeidsomset; toesighouding; spanning; vermoeidheid; lampe; netheid; doeltreffendheid; benutting; produksie; vakmanskap; skittering ('glare'); moraal

1.1 Groter akkuraatheid ten opsigte van …, wat 'n verbetering in produkgehalte tot gevolg het.

1.2 Dit verhoog … en verlaag koste.

1.3 Daar is 'n beter … van vloerspasie.

1.4 Dit verbeter sigbaarheid, wat lei tot groter …

1.5 Onderhoud is makliker, wat sindelikheid ('cleanliness') en … in the departement bevorder.

1.6 Oog-... is minder.

1.7 Dit vergemaklik … oor die werkers.

1.8 Behoorlike verligting verbeter die … onder die werkers.

1.9 Dit het 'n laer … tot gevolg.

1.10 Dit verminder … onder die werksmense.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Gee AGT inligtingspunte wat deel moet uitmaak van die induksie-opleiding vir nuwe werknemers. **[8]**

VRAAG 3

3.1 Die blus van brande is gebaseer op die beginsel dat sekere elemente verwyder moet word.

Beskryf hierdie beginsel kortliks, en gee toepaslike voorbeelde. (6)

3.2 Noem VIER faktore in 'n werksomgewing wat tot ongelukke kan lei. (4)

[10]

VRAAG 4

4.1 Definieer die term *besering* wat in veiligheidsbestuur gebruik word. (2)

4.2 Gee VIER redes waarom goeie huishouding belangrik is, en verduidelik elke rede. (4 × 2) (8)

[10]

VRAAG 5

5.1 Noem VYF faktore wat die opleidingsbehoeftes bepaal. (5)

5.2 Beskryf VYF voordele van prestasiebeoordeling (‘merit rating’). (5)

[10]

VRAAG 6

Volgens Frederick Hertzberg het elke mens twee motiveringsbane (‘motivational tracks’).

Noem SES motiveringsfaktore and VIER onderhoudsfaktore (‘maintenance factors’). **[10]**

VRAAG 7

7.1 Noem VYF faktore wat traagheid en afwesigheid (‘absenteeism’) in die werksplek kan verminder. (5)

7.2 Gee VYF voorbeelde van reëls wat tot dissiplinêre optrede en/of afdanking kan lei, en wat in ‘n gedragskode opgeneem is. (5)

[10]

VRAAG 8

8.1 Beskryf elk van die volgende konsepte in kommunikasie:

8.1.1 Aktiewe luister

8.1.2 Liggaamstaal

8.1.3 Terugvoer

8.1.4 Bostelegraaf (‘Grapevine’)

8.1.5 Geraas (‘Noise’)

(5 × 2) (10)

8.2 Kommunikasie is ‘n essensiële instrument in probleemoplossing.

Noem TWEE basiese voorwaardes vir effektiewe geskrewe kommunikasie. (2)

[12]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

9.1 Gee VYF waarskuwingstekens van gewelddadigheid in ‘n werknemer. (5)

9.2 Noem TIEN vereistes vir goeie leierskap. (10)

9.3 Bespreek die leierskapstyl van ‘n outokratiese leier. (5)
[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou